



Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:

Ds. J.L. Schütte
direkteur@apk.co.za

18 Junie 2026

OMSEENDBRIEF 07/2026

REAKSIE OP ARTIKEL 22 – KOMITEE VAN CRL

Geagte broeders en susters,

Die meeste van u is sekerlik teen hierdie tyd goed bewus van die CRL-Regtekommissie se Artikel 22-komitee se werksaamhede wat die onafhanklike voortbestaan van elke Christelike kerk bedreig.

Die Artikel 22-komitee het sy oorsprong in die CRL-Regtekommissie (die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe), wat ná 'n 2017-ondersoek na die “kommersialisering van godsdiens” en misbruik in geloofsgemeenskappe begin het om meganismes vir groter toesig in die godsdienssektor te oorweeg. In terme van artikel 22 van die CRL-wet het die Kommissie toe 'n ad hoc-komitee aangestel om nasionale en provinsiale konsultasies te lei en aanbevelings te maak oor 'n sogenaamde “selfregulerende” raamwerk, wat blykbaar uiteindelik gerig is op die ontwikkeling van wetgewing wat die verhouding tussen die staat en geloofsgemeenskappe wesenlik kan verander.

Ten spyte van besware en kritiek het die CRL Artikel 22-komitee nou die provinsiale konsultasiefase van sy nasionale proses begin — en wat volgende gebeur, kan die toekoms van godsdiensvryheid in Suid-Afrika beïnvloed.

Hoewel dit as “selfregulering” voorgestel word, stuur die komitee se mandaat die proses na die ontwikkeling van 'n wetgewende raamwerk. Die CRL-voorsitter het ook duidelik gemaak dat sy 'n Parlements-wet wil hê om 'n raad vir die godsdienssektor te skep, en het voorheen uitdruklik die lisensiëring en registrasie van godsdiensleiers ondersteun. Die Artikel 22-komitee se konsepraamwerk oorweeg ook die registrasie van godsdienstige instellings en godsdiensleiers/-praktisyns. Geen leraar, ouderling, diaken of verbondsonderrigvoorganger sal sonder so registrasie in die kerk mag dien nie.

Dit is 'n ernstige bron van kommer. Dit is eerstens 'n aantasting van God se eer en sy soewereiniteit. Verder is godsdiensvryheid ook 'n grondwetlike reg, nie 'n voorreg wat deur die staat toegestaan, bestuur of ingetrek kan word nie. Misbruik en kriminele gedrag moet streng aangespreek word, maar die oplossing is doeltreffende toepassing van bestaande wette — nie staatsregulering van godsdiens nie. Die owerheid het 'n Godgegewe roeping, maar

hierdie optrede rym glad nie met hul roeping soos wat ons dit in die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 36 bely nie.

Jy kan jou stem teen staatsoorheersing nou op twee maniere laat hoor:

1. Dien 'n voorlegging in via die DearSouthAfrica-platform

Oor die laaste paar jaar, soos wat by Sinode 2007 berig en besluit is, ondersteun die AP Kerkverband die werk van *Freedom of Religion South Africa* (FORSA) in hierdie stryd teen staatsoorheersing. Maar FORSA tree nie namens jou op nie. Hier moet elke kerkraad en elke gelowige se stem nou gehoor word.

FOR SA het saam met DearSouthAfrica gewerk om dit vinnig en maklik te maak vir individue en organisasies om geldige voorleggings oor hierdie sake te doen. Dit is 'n eenvoudige manier om deel te neem en jou rol te speel om godsdiensvryheid te beskerm – en dit neem sowat twee minute!

- Klik [hier](#) om 'n voorlegging via DearSouthAfrica te doen; of
- Skandeer hierdie QR-kode:



2. Neem persoonlik deel aan die provinsiale konsultasies

Nou is die tyd om elke gelowige en kerkraad se stem teen staatsoorheersing te laat hoor. Die Artikel 22-komitee hou provinsiale konsultasies reg oor die land. Indien jy dit persoonlik kan bywoon, moedig ons jou sterk aan om dit te doen. Dit is egter so dat die inligting op baie kort kennisgewing bekend gemaak word en beperkte tyd vir registrasie gegee word.

KwaZulu-Natal konsultasiebesonderhede bevestig

Die KZN-provinsiale konsultasies sal soos volg plaasvind:

- **Datums:** 22–26 Junie 2026
- **Tyd:** 09:00–17:00
- **Plek:** Garden Court Marine Parade, Durban
- **RSVP-sperdatum:** 19 Junie 2026
- **Registrasie:** www.section22committee.co.za/events

Tydens registrasie moet deelnemers aantoon watter sessies hul gaan bywoon. Jy gaan ook baie goed moet voorberei vir hierdie sessies.

Ons moedig kerke, bedieninge, geloofsgemeenskappe, organisasies en besorgde individue in KZN aan om voor môre, 19 Junie 2026, te registreer en hierdie geleenthede persoonlik by te woon. Hul beperk die deelnemers tot 3 persone van elke kerk of organisasie. Daarom is dit belangrik dat soveel as moontlik gemeentes se kerkrade sal reageer.

Wat van die ander provinsies?

Die Artikel 22-komitee se webwerf bevat reeds die datums oor die ander provinsiale konsultasies, maar nog nie enige verdere inligting nie. Besoek asseblief www.section22committee.co.za/events om die datums, tye en plekke vir jou provinsie na te gaan, en registreer so gou moontlik indien jy kan bywoon.

FOR SA het 'n kort voorlegging-sjabloon voorberei wat jy as basis kan gebruik vir 'n kort mondelinge aanbieding en/of om as 'n geskrewe voorlegging in te dien. Maak asseblief seker dat enige geskrewe voorlegging behoorlik deur die Artikel 22-komitee geregistreer word deur ook 'n afskrif te stuur na christiansector@section22committee.co.za

- Laai die FOR SA-sjabloonvoorlegging [hier](#) af.

Dit gaan nie oor protes nie. Dit gaan oor deelname. Dit gaan eerstens om die eer van God en sy soewereiniteit. Dit gaan ook oor die handhawing van grondwetlike regte en vryhede op 'n wettige en ordelike wyse.

Dien vandag jou voorlegging in en deel die DearSouthAfrica-skakel of QR-kode met jou familie, gemeente en netwerke.

Een voorlegging mag 'n fluistering wees. Tien-duisende word 'n geroep wat nie geïgnoreer kan word nie.

Groete en seënwense



Ds. JL Schütte
DIREKTEUR VAN KERKADMINISTRASIE